Vyfde uitgawe - 2010

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Brandon Roode 083 399 1997
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Otto Koekemoer, Ben Kruger, Martin Kruger

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@af.aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die voorsitter	1
Rock hunting	2
Briewe bus / Vra is vry	3
Fertilizers	4
Lede profiel	5
Uitstalling	6
Vergadering 4 September	9
Bonsai kalender	11
Vergadering 2 Oktober	12

Van die redakteur.

Beste Bonsai Vriende,

Nadat ek in 'n paar uitgawes probeer het om lede aan te moedig om aan my te skryf sodat ek 'n briewe kolom kon plaas het daar skielik, sonder dat ek weer probeer het, 'n aantal briewe opgedaag. Ek het toe sommer die kolom ook 'n Vra is vry kolom gemaak omdat daar ook 'n vraag was van 'n lid. Dankie aan die lede wat geskryf het.

Ek moedig julle dus weer aan om aan my te skryf, artikels te stuur of vrae te vra. Ek sal dan poog om die vrae na te vors in boeke of op die internet, of beter nog, ek sal die vrae aan ons senior lede gee en hulle versoek om die antwoorde te skryf. Sodoende kan hierdie koerantjie werklik 'n bron van inligting raak vir almal.

Aan die van julle wat die uitstalling gemis het, julle het baie gemis. Daar was baie harde werk ingesit en die kwaliteit van die skou het dit gewys. Die publiek se kommentaar was dat dit uitstekend was. Ek dink dit moet elke lid se doel wees om een of ander tyd in jou beoefening van bonsai darem een boom op 'n uitstalling te sit. Begin solank by die maandelikse byeenkomste waar daar mini uitstallings is. Sodoende kry jy ook raad oor jou boom by ander lede en so geniet ons almal mekaar se bome.

Die bestuur het versoek dat julle idees vir aanstaande jaar se program sal stuur. Dink bietjie aan onderwerpe, style ens wat jy graag meer oor sal wil weet en laat die bestuur weet. Hulle wil werklik graag die lede tevrede stel in die saamstel van die jaarprogram.

Geniet die somer en julle bome.

Jaco.

Bonsai is not for the impatient!

Rock Hunting - 21 August 2010

On Saturday 21 August some members of the Kai went on the organised "rock hunt" arranged by Brandon Roode. The hunt took place next to the M57 halfway between the Rietvlei dam and the St Georges Hotel.

I never understood the term "rock hunting" because how can you hunt a rock that cannot run away. On arrival at the site I first thought that we would pick up rocks by the thousands, anyway looking at the rocky outcrops it seamed that way. But when we started 'hunting' one soon realised that those rocky outcrops were massive and one would need an earthmoving machine to pick them up. But then the 'hunt' started and I realised what the term means. The rocks don't run away but they hide. You literally have to look for them, like hunting them down.

Although not easy it is actually quite fun and enjoyable. Most members did manage to find quite a couple of nice looking rocks which could be used very successfully for a root over rock style bonsai and also in saikei plantings.

Although hot and hard work, members enjoyed themselves and can be satisfied with the hunt. I hope we will see the root over rock plantings in the future. A big thank you to Brandon for arranging the 'hunt'. ♣

Briewe Bus / Vra is Vry

The following was received via e-mail and addressed to our chairman:

To: Org Exley
Subject: Good job. Big hugs from Spain.
I love your website, It's very interesting. I'll try to follow it regularly. I also have a bonsai and vegetable garden blog, where I show my works, tips and tricks.
http://huertoimprovisado.blogspot.com
We can share knowledge.
Big hugs from Spain.

Hi Almal,

Ek wil net hiermee baie dankie sê aan almal wat so hard gewerk het tydens die afgelope skou.

Die mense wat van vroeg al daar was op Vrydag met die rangskikking van die tafels tot die opsit van die agtergrond. Dit was harde werk in die hitte, maar hullle het deurgedruk.

Die mense wat hul tyd afgestaan het om diens te doen tydens die skou. Dit is nou die mense wat kaartjies en "raffles" verkoop het. Die mense wat diens gedoen het by die bome om inligting aan mense te gee en bome nat te maak. Duncan met die verkope wat die Kai ook uithelp.

Dankie vir die mense wat items gegee het vir die "Raffles" dit word opreg waardeur.

Dan met die afbreek. Dit wys weer eens hoe meer hande hoe ligter die werk. Ons kon die hele skou binne 'n uur afbreek. Baie dankie ook aan die mense wat ekstra hande gebring het.

Dan net 'n ietsie oor die bome. Met elke skou die afgelope paar jaar wat die Kai gehou het, kon 'n mens die verbetering in die lede se bome sien. Die jaar was geen uitsondering nie en die bome was uitsonderlik. Ek kan met sekerheid sê dat Pta Bonsai Kai van die beste bome in die land het. Ons staan nie terug vir enige klub in die land nie.

Weereens dankie vir die harde werk.

Groete,

Org

Ek het die onderste reaksie gekry rakende die uitstalling:

Ek wil ook net graag my mening lug. Ek was voorheen verbonde aan julle Kai maar het verlede en hierdie jaar uitgesit a.g.v. werksdruk. Ek moes net eenvoudig na julle uitstalling gaan kyk die afgelope naweek en ek was oorstelp ! Baie geluk met julle formaat, die vriendelike diens en die bome natuurlik. Dit was fantasties, wens julself gerus geluk met jul uitstalling. Hoop om weer in die toekoms by julle aan te sluit.

Groete

Jan van Rensburg

Die redakteur

Dankie vir die artikel oor bemesting in Koeda uitgawe vier. Is daar 'n verskil tussen organiese en an-organiese bemesting?

Groete

See page 4 for information on organic and inorganic fertilizer…….red.

Organic vs Inorganic fertilizers

Generally speaking nutrients for your bonsai are available commercially in two forms, organic and inorganic. Which type you use is largely a matter of personal choice. Regardless of which form you choose, they should all include both macro and micro nutrients.

Organic Fertilizers

Organic fertilizers are appropriate for the maintenance of a tree that is well shaped and when ramification has been developed. The advantages that organic fertilizers possess are:- They are lower in strength & unlikely to "scorch" the roots and kill a tree. Organics are longer acting as they do not leach out with the first rainfall. They encourage soil bacteria and development of beneficial mycorrhyza. The organic matter, that makes them "bulky" in comparison to inorganic fertilizers, provides greater benefits than the simple nutrient analysis in the table suggests. This is because they also contain levels of essential micronutrients or trace elements such as iron, manganese, copper, zinc, boron, molybdenum and chlorine.

There are disadvantages with organics but these are largely cosmetic:- They may be less readily available. Some are smelly for a while. They can sometimes attract flies to lay their eggs. Some mould may form on the surface of pellets as a result of the slow decomposition.

Organic fertilizers improve soil structure and release plant nutrients slowly, which reduces the possibility of over fertilizing (a definite advantage for new, overzealous bonsaists). Those most commonly used for bonsai are:

Bone meal: This decomposes slowly and releases phosphorus. Its natural alkalinity helps to neutralize the acidity of peat-based or acidic soil mixtures.

Cottonseed meal: This is a slightly acidic by-product of cotton manufacturing. It is good for use on acid loving plants such as azalea, camellia and rhododendron.

Blood meal: This is dried, powdered blood from cattle slaughterhouses and is a very, very rich source of nitrogen. It also contains several trace elements. You should be careful to not overuse this product.

Fish Emulsion: This blend of partially decomposed, finely pulverized fish is high in nitrogen and also contains several trace elements. You can boost plant growth by applying it in late spring, but like the blood meal, it is easy to burn your plants with this product… be careful. A special caution should be observed if you have raccoons living in your neighborhood. We can personally relate the tale of a raccoon in our back yard who unpotted about 6 of our bonsai that had been freshly fertilized with fish emulsion because he was certain that we had hidden a fish in the pots.

Inorganic Fertilizers

Inorganic fertilizers (chemicals) come in different forms: dry, liquid, slow-release, palletized, plant stakes and soluble solutions, among others. Both the forms and formulations available in the marketplace are extensive and permit you to choose according to your own preferences. You may like a dry fertilizer to incorporate with a potting soil mix or a liquid fertilizer to apply from a hose. Still others may opt for a slow-release fertilizer that needs to be applied less frequently. The actual fact is that most bonsaists choose to vary their feedings with both organic and inorganic fertilizers. ♣

An act of love towards our trees indirectly becomes an act of love towards ourselves. William Wilson

Lede Profiel - Christa Vermaak.

Lede wat die kai vergaderings bywoon sal vir Christa goed ken as die vriendelike dame wat altyd die 'raffle' hanteer. Sy het die vermoë om ons te oortuig dat elke item op die'raffle' iets waardevols is. Christa is ook natuurlik op die bestuur van die kai en wel as skakelbeampte.

Christa werk al die afgelope 20 jaar as eiendomsagent en het die laaste ongeveer vyf jaar haar eie eiendomsagent besigheid. Sy sêdat sy dus baie lang ure moet werk.

Christa is die ma van drie dogters. Twee is al getroud en die derde is ook al werksaam en woon by hulle in die huis. Sy het nog nie kleinkinders nie maar sê dat haar twee Basset honde soos kleinkinders in die huis is.

Christa het ongeveer dertig jaar gelede met bonsai kennis gemaak toe sy 'n bonai uitstalling gesien het. Sy het toe self met Witstinkhout bome begin eksperimenteer. Sy sê sy het voort geploeter op haar eie totdat sy eendag deur Anne en Tommy Fluxman oortuig is om by die Pretoria kai aan te sluit. Sy het toe eers werklik geleer van die styl en versorging van haar bome. Sy is ongeveer al twintig jaar lid van die kai en was nog nooit lid van enige ander kai nie. Haar eerste werklike bonsai was 'n Witstinkhout maar hy leef nie meer vandag nie.

Christa sê dat sy elke middag al haar bome, waarvan sy ongeveer 130 het, met die hand natgooi. Dit is vir haar baie ontspannend en gee haar weer 'sanity' na die dag se gejaag. Sy skaal af van die dag se dinge. Sy glo ook dat as jy jou bome met die hand natmaak sien jy dadelik as hulle peste of plae het en kan jy aksie neem.

Christa se gunsteling bome om mee te werk is eerstens die Witstinkhout, dan die Acacia spesies en daarna die Azaleas. Die Witstinkhout is vir haar 'n gunsteling omdat hy sulke pragtige fyn groei gee. Sy sê dat sy sommer in die aand voor die televisie sit en aan haar bome snoei. Haar gunsteling style is woude asook die 'cascade'. Die lede wat by die uitstalling was sal onthou van haar pragtige 'Cotoneaster cascade' wat in vol blom was.

Raad aan beginners (of ander lede) is om jou bonsai deeglik nat te maak. Haar kinders is almal geleer hoe om haar bome te versorg want as Christa weggaan is dit hulle plig om die bome te versorg.

As gevolg van die lang ure wat Christa werk het sy nie tyd vir ander stokperdjies nie. Sy glo bonsai kan sy beoefen die dag as sy aftree en sal dan verseker dat sy iets het om haar mee besig te hou. OomTheuns Roos wat nou al in die tagtig is en steeds so entoesiasties is oor sy bome is vir haar 'n inspirasie.

Christa sê dat sy nog nou en dan 'n boom laat vrek en voel dan baie hartseer, asof een van haar kinders weggegaan het.

Christa se droom is om nog eendag uitstaande Azalea bome te hê met al hulle blomme prag.

Sy sou baie graag wou sien dat meer lede in die kai betrokke sal raak en hulle kant bring en nie als vir dieselfde klein groepie mense los nie. Sy sê egter sy geniet die kai, sy geniet dit om die 'raffles' te doen en sy wens almal (al is dit bietjie vroeg) 'n geseënde kersfees toe. ♣

Uitstalling van 4 Oktober.

Die jaarlikse uitstalling was weer by die Safari kwekery gehou. Ons is hierdie jaar die oop 'boma' area gegee en dit het baie goed gewerk. Die feit dat daar sonskyn was het beteken dat veral die Akasia bome se blare heeltyd oop was, in teen stelling as wanneer hulle binnenshuis is en die blaartjies dan toevou en verlep voorkom. Daar was 122 bome uitgestal (ek het hulle self getel).
Daar was 'n hele klomp lede wat baie hard gewerk het om so groot sukses van die uitstalling te maak. In die briewe kolom is daar dan ook 'n brief waarin Org die persone bedank. Die kommentaar van die publiek, asook lede, was dat dit 'n uitstekende uitstalling was. Daar is 267 lede van die publiek wat betaal het (R10.00) om die uitstalling te sien, en as mens in ag neem dat pensionarisse (waarvan daar baie was) en kinders nie betaal het nie was daar seker maklik by die 500 of meer mense deur die uitstalling.

Ek het net weer besef dat ons kai aan 'n rykdom talent beskik met baie besondere mooi bome. As mens daaraan dink dat Charles byvoorbeeld net twee of drie bome uitgestal het. Org ook net so twee sowel as Pieter en dat Louis en Erika geen bome uitgestal het nie (omdat hulle weg was) en nog baie ander lede geen bome nie, sou ons seker maklik nog twee of drie sulke areas kon vol maak met dieselfde hoeveelheid kwaliteit bome. Hou so aan lede en geniet julle bome! ♣

Uistalling van 9 Oktober.....vervolg.

Uitstalling van 9 Oktober .....vervolg.

Vergadering van 4 September - deur Brandon Roode

Jurgen Nuss van Pietermaritzburg het ons besoek en met ons gepraat oor die wortel oor rots styl. Daar was ook na die praatjie 'n werkswinkel waaraan 'n hele paar lede deelgeneem het deur bome (hoofsaaklik Vye) op rotse te plant.

Jurgen het met bonsai begin in 1968 maar het in die laaste 12 jaar die meeste geleer aangesien hy vir die eerste keer by 'n klub aangesluit het.
- Hy sê hy het nog altyd 'n groot liefde vir vye gehad aangesien hulle sulke veeldoelige bome vir bonsai is.
- Elke spesie wat geskik is vir bonsai het sy eie unieke karakter.
- Hy het gesê hy het in die verlede baie rondgetrek vir sy werk en dit was moeilik om altyd al sy bome saam te trek maar hy het tans 'n groot versameling bonsai met nie minder as 20 verskillende **spesies** vye in sy versameling nie.
- Sy gunsteling styl is wortel oor rots styl. Die vy is ideaal aangepas vir die wortel oor rots styl.
- Jy kan vye voortplant met groot stiggies ("truncheon cuttings") tot so groot soos 10 cm deursnee.
- Om 'n vy se kroon behoortlik te ontwikkel is dit soms nodig om dit heeltemal terug te sny en van voor af te begin.
- As jy die vy nuut oor 'n rots geplant het, en jy wil hê die wortels moet vinniger ontwikkel, laat die kroon wild groei. As die wortels goed ontwikkel het, sny dan terug en begin met die stylering.
- Hou jou wortels wat bo die grond oor die rots loop, klam tot die boom mooi gevestig is.
- As jy jou kanse wil verbeter om vrugte te dra, laat die vy se takke langer groei.
- Om te voorkom dat jou wortels die rots of bak oorneem, plant jou vy in 'n kleiner bak.
- Sekere vye is meer sentitief vir koue as ander, al is dit dieselfde spesie. Beskerm dus altyd gedurende koue (onder 5 grade).
- Hy het toe twee vye oor rotse geplant. Hy gebruik 'insulation tape' om die wortels op die klip vas te maak. Hy begrawe nie die boom met die rots nie maar smeer wel grond bo-oor die wortels en tussen die rots se skeure voor hy die boom se wortels vasbind.
- Hy los die boom so vir een tot twee groeiseisoene en kyk dan na die ontwikkeling van die wortels.
- Goeie wortelontwikkeling vind plaas in warm, klam toestande. Jy kan wortelontwikkeling aanhelp met 'n gepaste voedingsprogram. ♣

Jurgen Nuss

Jurgen help vir Mariaan.

Duvan Horn met 'n Vytjie wat hy op 'n rots geplant het.

Vergadering van 4 September - vervolg

Charles Cudjoe het een van Jurgen se vye in die raffle gewen.

Kobus van der Merwe en Herman Eybers.

Marie Marais se vy het net een lang wortel gehad en sy het die wortel so om die rots gedraai.

Die vy is 'n plantjie wat Louis vir Org verlede jaar by die Kai gewys wat daar teen die muur gegroei het. Hy het lang wortels gehad toe Org hom van die muur afgehaal het en hy kon hom dadelik oor die klip plant. Org het hom in die swart pot geplant waarin jy hom sien in die linkerkantste foto. Regs is hy in 'n bak.

Bonsai Kalender — Deur Francois van As

Gedurende November

Die somer is hier en in Pretoria geniet ons reeds lekker warm dae. Die einde van lente word gekenmerk deur intense groei van loof wat te weeg gebring word deur die ontwikkeling van lote. Dit moet in toom gehou word deur die gereelde inspeksie van plante en dan verfyningsnoei toe te pas.

Jong takkies kan ook nou reeds bedraad word. Ontblaring kan selfs gedoen word, dit sal help met die verkleining van die volgende generasie blare.

Met die toename in temperature moet meer aandag gegee word aan watertoediening. In sommige gevalle sal dit meer as eenkeer per dag moet plaasvind. Lig speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van lote, dus moet buitenshuise bonsai gereeld gedraai word om enige wanbalans in takvorming te voorkom. Bemesting kan steeds toegedien word.

Gedurende Desember

Ons betree nou middel somer wat gewoonlik die warmste tydperk van die jaar is. Watertoediening is uiters belangrik en wanneer dit baie droog is moet tweemaal per dag water gegee word, vroeg in die môre en laat in die aand.

Om verdamping en transpirasie van blare te voorkom is dit soms nodig om plante na skadu te skuif. Gevoelige plante moet teen swaar reën en hael beskerm word. Lang groeipunte moet teruggesnoei word.

Warm, vogtige toestande bevorder peste, hou dus dop en behandel vroegtydig. Bemesting kan steeds toegedien word. ♣

Org het vir my 'n foto gestuur van 'n groep aanplanting wat hy onlangs gemaak het. Die houer is 'n sement plaat van 1,2 meter by 0,6 meter. Daar is rofweg so 100 Witstinkhout boompies in.

Ek sluit 'n foto in van 'n boom wat ontsluier moet word. Dit gaan oor 'n nuwe styl wat ontdek is en moontlik later in die pers (Koeda) bekend gemaak sal word.

Francois.

Vergadering van 2 Oktober

Charles Ceronio talked to us about the Informal upright style in bonsai. Charles had prepared a presentation to show but a miss understanding caused that the projector was not present so he could not show the presentation. Some information on the style:

The formal upright is called the chokkan style in Japanese. It is just a straightforward style that most resembles the tree in its full-grown native state. Basically, the form of the formal upright is erect, has a trunk that tapers towards the top, with symmetrical branches that have the spaces between them decreasing towards the top end of the tree. The formal upright style usually has a cone shaped form, but sometimes you find ones with rounded crowns. The lowest branch is the largest and heaviest of all the branches, and often trained to point horizontally at an angle away from the viewer when viewed from the front, with the second branch and so forth, tapering towards the crown, thus assuming a Christmas tree like appearance.

The formal style becomes harder to achieve when you are intend to create a tapering trunk. This will require constant pruning of the top down while letting the bottom branches grow larger and thicker. Trunk tapering usually takes several years to achieve.

Trim off the smaller branches at the lower reaches to achieve a consistent space between the branches that should be more or less even, while gradually decreasing towards the crown apex.

Though the formal upright style is more regular than other styles, it need not be planted directly in the center of the pot. Visual variety can be achieved by planting the bonsai plant a third from one end, either left or right as you face the tree.

The formal upright is considered the most classical of all the styles, and is usually meant to represent the “ideal tree”. In growing this style, bonsai artists try to create a tree that has perfect qualities not usually sustained in the natural wild.

Charles stated that contrary to most literature the formal upright does not have to have a perfectly straight trunk.

Charles then worked and styled a Swamp cypress belonging to Attie Louw. ♣

Vergadering van 2 Oktober - vervolg

"Tip of the month" - by Johan Els

With the aim on the upcoming exhibition, Johan talked to us about accent plants. Accent or 'companion' plantings as they are sometimes known are grown to complement bonsai trees when being exhibited. They are placed near the bonsai and often reflect the tree's character, adding a natural element to the display. Tall, narrow literati trees are enhanced with slender grasses, which mirror the mood of the tree and suggest scale. A strong feeling of season can also be represented by using small spring bulbs, plants with autumn colours or in winter, grasses that are beginning to die back.

A good accent plant can be charming in its own right and may be displayed on its own or as part of a group. However, when next to a bonsai tree it must not be overpowering or become the dominant feature. Good health is also essential.

Johan showed some examples of plants that could be used as accent plants. These include, Black dragon Mondo grass, succulents, ferns, bulbs, grasses, herbs and miniature aloes. ♣

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.